BYLAAG A: AFRIKA SE REIS-INDABA

Afrika se Reis-Indaba is een van die grootste toerismebemarkingsgeleenthede op die Afrika-kalender. Dit is een van die top drie 'moet bywoon' geleenthede van sy soort op die internasionale kalender. Dit is 'n vertoonvenster vir die grootste verskeidenheid van Suidelike Afrika se beste toerismeprodukte. Dit lok ook internasionale kopers en media van regoor die wêreld. SAT is die eienaar van hierdie geleentheid wat pryse gewen het vir Afrika se beste reis-en-toerisme-skou. Die geleentheid trek oor die drie dae meer as 16 000 verteenwoordigers van reis-, toerisme- en verwante industrieë.

Die jaarlikse reisskou is geskeduleer om van 12 tot 14 Mei 2020 in Durban plaas te vind. Hierdie jaar se tema is *Afrika se Stories, Jou Sukses* en dit fokus op 'n gemeenskaplike doel om opregte stories wat toerisme na Afrika volhoubaar sal verhoog, op te lewer.

Indaba verenig Suidelike Afrika se toerismeprodukte en -dienste onder een dak vir die internasionale reishandel. Uitstallers sluit provinsiale owerhede, provinsiale produkte en Afrika-lande in. Tipes uitstallers sluit akkommodasie, toeroperateurs, wildlodges, vervoer en baie ander in. Die volgende kopers woon hierdie hoëprofieluitstalling by: inkomendetoeroperateurs, buitelandse reisagente, lugrederye, bemarkingsmaatskappye, aanlyn besprekings- en vervoer-maatskappye.

[Aangepas uit: <https://www.indaba-southafrica.co.za>]

BYLAAG B: SLIPPAWAY HOTELGROEP – HELLO PETER

(a) Slippaway Hotel: Oudtshoorn

Indien daar 'n opsie was om geen sterre toe te ken nie, sou ek die minus-een-ster gradering gekies het!
Slippaway Hotel Oudtshoorn se diens is 'n absolute teleurstelling: wag 'n uur vir jou kos, 45 minute vir die rekening en nog 45 minute as jy vra vir 'n kopie van die rekening. Nooit weer nie!

(b) Slippaway Hotel Marriot: Personeel doen ekstra moeite

Ek het geskakel om akkommodasie vir volgende week te bespreek en hulle was vol bespreek. Ek woon in Johannesburg en ken dus nie die Kimberley-omgewing nie.
Leazi-Ray het my gehelp na die beste van haar vermoë en my verwys na drie ander blyplekke in die area met kontaknommers vir elkeen, aangesien Slippaway Hotel vol bespreek was.
Dankie aan mense soos Leazi-Ray wat ekstra moeite doen in plaas daarvan om te sê hulle is vol bespreek, jammer, totsiens.
Innige waardering, Leazi-Ray!

[Aangepas uit: <http:hellopeter.com/protea complaints>]

BYLAAG C: WÊRELDTYDSONEKAART



BYLAAG D: DIE ONDERGANG VAN THOMAS COOK – een van die grootste en oudste reismaatskappye in die wêreld.

Peter Fankhauser, Thomas Cook se hoof uitvoerende beampte, het hulle miljoene kliënte en duisende werknemers om verskoning gevra deur te sê die ondergang van hierdie groot reismaatskappy was 'n "kwessie van diepe berou".

Thomas Cook, wat 21 000 mense wêreldwyd in diens gehad het met 560 winkels in die Verenigde Koninkryk alleen, het in September 2019 na 178 jaar ophou handel dryf.

Tydens die ondergang was daar 150 000 Britse kliënte oorsee en 600 000 vakansiegangers wêreldwyd.

Daar was verskeie faktore wat hierdie ondergang veroorsaak het. Dit sluit in 'n afname in besprekings, onsekerheid rondom Brexit, die toename in laekostelugrederye, aanlyn reisagentskappe, die hoë koste van hotelverblyf en vliegtuigpetrolpryse en mense wat eenvoudig hulle eie vakansies sonder 'n reisagent beplan.

Baie reisigers het gekies om na die goedkoopste opsies te kyk of om glad nie te reis nie. Die finale strooi was die 1.6 biljoen pond lening wat Thomas Cook agt jaar gelede aangegaan het om die maatskappy aan die gang te hou, wat nie terugbetaal kon word nie.

[Aangepas uit: *<www.thomascook.co.za/news>* and *<https://www.theguardian.com/business/2019/sep/23/thomas-cook-as-the-world-turned-the-sun-ceased-to-shine-on-venerable-tour-operator>]*

BYLAAG E: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KONSEPKAART

Kriteria	6	4	3	2	1	0	Moontlike punt
Oorsake van die ondergang is geïdentifiseer.			Kandidaat toon 'n in-diepte begrip; eie kennis **en** verwys na die insetsel; 3 of meer oorsake is genoem, ander moontlikhede is uitgespel.	Kandidaat toon gedeeltelike begrip, geen poging om eie kennis te gebruik nie; verwys na insetsel, 2 oorsake is genoem.	Kandidaat toon 'n swak begrip, geen eie kennis, beperkte verwysing na die insetsel, swak ondersoek van moontlike oorsake van die ondergang.	Hierdie punt is nie geadresseer nie.	**3**
Ondersoek van moontlike ekonomiese geleenthede is geïdentifiseer.		Kandidaat toon 'n in-diepte insig in die geleenthede wat geskep word deur hierdie ondergang, kan ekonomiese voordele van die situasie vir die plaaslike gemeenskap ondersoek.	Kandidaat toon gedeeltelike begrip van die positiewe korttermyn-uitkomste van hierdie ondergang.	Kandidaat het 'n beperkte vermoë om geleenthede raak te sien wat hulle voordoen as gevolg van die ondergang. Slegs 1–2 goeie punte is gemaak.	Kandidaat toon swak begrip vir geleenthede wat hulle voordoen as gevolg van die ondergang, wend 'n poging aan om hierdie punt te adresseer, maar kan nie ekonomiese voordele van hierdie situasie ondersoek nie.	Hierdie punt is nie geadresseer nie.	**4**
Analise van die impak van die ondergang op die drievoudige basislyn in die areas waar die takke gesluit het.	Antwoord toon 'n gesofistikeerde begrip van die allesomvattende impak van die situasie op die drievoudige basislyn. Al 3 pilare is geadresseer en ten minste 2 aspekte wat 'n impak op elke pilaar sal hê, is geïdentifiseer; beide positiewe en negatiewe aspekte is genoem. **X2**	Antwoord toon 'n goeie begrip van die allesomvattende impak van die situasie op die drievoudige basislyn. Al 3 pilare is geadresseer, 2 aspekte wat 'n impak op elke pilaar sal hê is geïdentifiseer OF slegs positiewe of slegs negatiewe impak is ondersoek. **X2**	Antwoord toon 'n beperkte begrip van die alleso-mvattende impak van die situasie op die drievoudige basislyn. Een van die pilare is moontlik uitgelaat of slegs negatiewe impak is ondersoek. **X2**	Kandidaat het 'n poging aangewend om die effek op die drievoudige basislyn aan te dui, maar het slegs een van die pilare geadresseer OF geen analise probeer doen nie. **X2**	Antwoord toon geen insig in die vraag nie en is ten beste vaag. **X1**	Hierdie punt is nie geadresseer nie.	**12**
Illustrasie van die skakel tussen die ondergang van die besigheid en die vermenig-vuldigereffek.			Kandidaat het duidelik die skakel tussen die ondergang van die besigheid en die vermenig-vuldigereffek raakgesien. Ten minste 2 voorbeelde is aangetoon.	Kandidaat toon begrip van die verhouding tussen die besigheid en die vermenig-vuldigereffek, een voorbeeld is genoem.	Kandidaat het 'n poging aangewend om 'n skakel tussen die toerismebesigheid en die vermenig-vuldigereffek aan te toon, maar geen voorbeelde is verskaf nie, of die verduideliking is swak uiteengesit.	Hierdie punt is nie geadresseer nie.	**3**
Voorstelle gemaak oor hoe om winsgewend en suksesvol te bly.	Ten minste 4 uitstekende voorstelle is gemaak wat 'n uitmuntende begrip toon van hoe besighede ekonomiese bedreigings kan afweer. **Maksimum 5 punte**	Ten minste 3 weldeurdagte voorstelle is gemaak wat 'n in-diepte begrip toon van hoe besighede ekonomiese bedreigings kan afweer.	'n Goeie poging is aangewend om voorstelle aan toerismebesighede te maak, maar dit wys nie in-diepte begrip nie.	Kandidaat het 1 goeie voorstel gemaak, maar die antwoord toon 'n gebrek aan substansie.	'n Swak antwoord wat toon dat 'n poging aangewend is om hierdie punt te adresseer, maar onvoldoende voorstelle is gemaak of die voorstelle is onrealisties.	Hierdie punt is nie geadresseer nie.	**5**
Skakels toon onderlinge verhoudings tussen die konsepte aan.			Al die moontlike skakels is aangetoon met 'n aanduiding van hulle kompleksiteit.	Sommige betekenisvolle skakels is aangedui.	Skakels is rond en bont oor die bladsy versprei.	Geen skakels is gemaak nie.	**3**

[30]

BYLAAG F: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL

Kriteria	6	4	3	2	1	0	Moontlike punt
Evaluasie van die noodsaaklikheid van Toerisme vir Derdewêreldlande.			'n Duidelike en bondige evaluasie met 3–4 geldige punte. **X2**	'n Goeie poging om hierdie kollyspunt te adresseer met 2–3 geldige punte. **X2**	'n Vae poging om hierdie kollyspunt te adresseer, maar evaluasie toon 'n gebrek aan substansie. **X2**	Geen poging aangewend om hierdie punt te adresseer nie.	**6**
Analise van die volhoubaarheid van hoogs populêre toeristeaantreklikhede in terme van die omgewing.	'n Uitstekende analise met 5 of meer geldige positiewe en negatiewe punte, wat 'n gesofistikeerde begrip van die vraag aandui.	'n Duidelike en bondige poging om hierdie kollyspunt te adresseer met 4–5 geldige positiewe en negatiewe punte.	'n Goeie poging is aangewend om die impak op die omgewing te ondersoek, met 3–4 punte, maar het nie daarin geslaag om positiewe en/of negatiewe punte aan te raak nie.	'n Poging is aangewend om hierdie kollyspunt te adresseer, maar slegs 1–2 geldige punte is gemaak OF geen analise.	'n Vae poging om hierdie kollyspunt te adresseer, maar toon 'n gebrek aan inligting en insig. Geen analise is gedoen nie.	Geen poging aangewend om hierdie punt te adresseer nie.	**6**
Kritiese evaluasie van die negatiewe sosiale uitwerking wat groot getalle toeriste op die plaaslike bevolking het.	'n Uitstekende evaluasie met 6 of meer geldige punte wat 'n gesofistikeerde begrip van die vraag aandui. Kandidaat kan 'n gevolgtrekking maak gebaseer op die getuienis voorgelê.	Alhoewel die kandidaat nie al die moontlike aspekte van die impak op die plaaslike gemeenskappe genoem het nie, is die evaluasie baie goed en 4–5 geldige punte is gemaak.	'n Poging is aangewend om 'n evaluasie van die uitwerking op die plaaslike gemeenskappe te doen, maar die kandidaat het sommige geldige punte uitgelaat en het nie 'n in-diepte insig getoon nie en 2–3 geldige punte is gemaak.	'n Vae poging om hierdie kollyspunt te adresseer is aangewend, 'n mate van insig is getoon, 1–2 aspekte van die impak is ondersoek. Geen gevolgtrekking in terme van hierdie vraag is gemaak nie.	'n Swak poging om hierdie kollyspunt te adresseer. 'n Maksimum van 1 impak is genoem.	Geen poging om hierdie kollyspunt te adresseer nie.	**6**
Verwysing is gemaak na die toeristeaantreklikheid wat in Deel 1 van die PAT ondersoek is en voorstelle is gemaak om die toeristeaantreklikheid volhoubaar te hou.		Het na die toeristeaantreklikheid wat in Deel 1 van die PAT ondersoek is, verwys; 4 of meer geldige voorstelle is gemaak wat 'n gesofistikeerde begrip van die beginsels van volhoubaarheid aandui.	Het verwys na die toeristeaantreklikheid wat ondersoek is, 2–3 geldige voorstelle vir volhoubaarheid is gemaak.	Slegs 1–2 geldige voorstelle, of voorstelle is onrealisties of nie verwant aan die onderneming wat ondersoek is nie.	'n Vae poging om hierdie kollyspunt te adresseer, maar het geen waardevolle, relevante voorstelle gemaak nie.	Geen poging om hierdie kollyspunt te adresseer nie.	**4**
Geskikte voorstelle is gemaak vir toeriste om te hou by die kode vir verantwoordelike gedrag.		Kandidaat het minstens 4 praktiese en realistiese voorstelle vir toeriste gemaak met verwysing na maniere waarop hulle verantwoordelik kan reis.	Kandidaat het 2–3 praktiese en realistiese voorstelle vir toeriste gemaak met verwysing na maniere waarop hulle verantwoordelik kan reis.	Kandidaat het 'n poging aangewend om hierdie kollyspunt te adresseer, maar dit is of nie geldig nie of dit is oppervlakkig.	Kandidaat het 'n poging aangewend om voorstelle te maak, maar dit is nie geldig, prakties of realisties nie.	Geen poging om hierdie kollyspunt te adresseer nie.	**4**
Organisasie van informasie en meganika.			Antwoord is georganiseerd met goed gekonstrueerde paragrawe, 'n treffende inleiding en duidelike gevolgtrekking. Taal en toon is geskik. Slegs klein foute gemaak.	Antwoord is georganiseerd, maar daar is heelwat foute en een van die kriteria is nie geadresseer nie.	Ongeorganiseerd en baie grammatikale, spel- en /of leestekenfoute.	Baie ongeorganiseerd, geen paragrawe, geen inleiding of gevolgtrekking.	**3**
Geskikte, kreatiewe en oorspronklike titel.					Titel is geskik **en** oorspronklik.	Geen titel of titel is nie oorspronklik of nie geskik nie.	**1**

[30]

IEB Copyright © 2020